
# 489 Waarom bly nasies altyd woel




'n Magstryd om hul eie sin
laat jaag in dolle vaart
die mensdom sedert die begin
na vrede – met 'n swaard!
Hul eie pogings sal hul spot;
dis ydel en ontaard!

Vir vrede in die hart en land
kom ons, o Vader, pleit.
Solank die vlam van haat bly brand,
is vrede self 'n stryd!
Wil deur u Gees ons nyd genees
in u geregtigheid!

Lei, Vors van vrede, op u weg
hul wat oor ons regeer,
dat hul met insig en met reg
u opdrag hier hanteer,
gelei deur U, bewaar deur U,
getroue Opperheer.

Adriaan Petrus van der Colf (1933-2002) J.L. McBain (+1925)